Publication: Beeld
Title: NWU vereer alumni vir buitengewone bydraes
AVE: 43440.84
Page: 5
Publish Date: 13 November 2023
Author: Anja van der Merwe

NWU vereer alumni vir buitengewone bydraes

Anja van der Merwe

Ontvangers van die pryse:

- Amé Bell – kuns en kultuur;
- Dr. Monicca Bhuda – opvoedkunde;
- Susan Cilliers – spesiale prys;
- Prof. Kobus Eloff – navorsing;
- Louis-Gillis Janse van Rensburg – gemeenskapsbetrokkenheid;
- Dr. Dumisani Jantjies – openbare diens;
- Prof. Ntate Dan Kgwadi – leeftydprestasie;
- Prof. Pieter Kruger – vir sport;
- Dr. Alistair Mokoena – vir sakeleierskap; en
- Prof. Musawenkosi Donia Saurombe – jong alumnus.

Om as jong alumnus vereer te word deur die instansie waar sy ál haar kwalifikasies verwerf het, is vir prof. Musawenkosi Donia Saurombe 'n groot eer.

Saurombe en nege ander alumni van die Noordwes-Universiteit is Donderdagaand op die universiteit se glansgeleentheid met die Alumni-pryse vir uitnemendheid vereer.

Die pryse gee erkenning aan buitengewone alumni wat uitmuntende bydraes in hul loopbaan en in die samelewing lewer.

"Dit is 'n groot eer om in jou eie gemeenskap en onder jou eie mense met so 'n spesiale prys vereer te word," het Saurombe gesê.

Sy het haar doktorsgraad in filosofie in bedryfsielkunde in 2017 op die ouderdom van 23 jaar ontvang.

Daarmee het sy die rekord gebreek as Afrika se jongste vrou met 'n PhD-titel.

Sy het haar in 2021 by die Universiteit van Johannesburg aangesluit en is verlede jaar tot medeprofessor bevorder.

"Jy dink jy doen iets vir jouself, maar dan beïnvloed dit ander mense op 'n wyse wat jy nie gedink het dit sou nie.

"Jong mense en organisasies reik uit na my en sê my kwalifikasie inspireer hulle."

Saurombe se langtermyndoelwitte is om te help om ongeletterdheid uit te wis en jongmense, veral vroue, aan te moedig om geleenthede na te streef om hul opleiding en loopbaan te bevorder.

Prof. Kobus Eloff (84) is as legendariese navorser, mentor en vir sy patente vereer.

Sy navorsingsloopbaan strek oor byna 60 jaar, waartydens hy groot bydraes tot die botaniese veld en kennis van plante se medisinale krag gelewer het.

Eloff se werk oor fitomedisyne en die klassifikasie, ekologie en gebruike van Suider-Afrikaanse flora het gehelp om die status van tradisionele kennisstelsels te verhoog en bygedra tot die oplossing van verskeie probleme in die kruie-medisynebedryf.

Die leeftydprestasieprys is postuum aan prof. Dan Kgwadi, die NWU se voormalige hoof en vise-kanselier, toegeken ter erkenning van Kgwadi se uitmuntende en deurslaggewende leierskap wat die NWU op sy pad na transformasie geplaas het.

Willie du Plessis, 'n woordvoerder van die NWU, sê dit was die agtste prystoekenningsgeleentheid.

Bert Sorgdrager, voorsitter van die NWU-raad en president van die konvokasie, sê die Alumni-toekennings vir uitnemendheid gee erkenning aan die ontvangers se uitsonderlike bydraes tot die velde waarin hulle bedrywig is.

"Ek is veral trots en positief oor die toekoms as ek van die jong ontvangers hier sien," sê hy.

Volgens prof. Bismark Tyobeka, rektor en visekanselier, is die NWU 'n vennootskap tussen verskeie belanghebbers om 'n gemeenskap en kultuur van uitnemendheid te bou.

Die ontvangers van die NWU se 2023 Alumni-pryse vir uitnemendheid is, voor van links, prof. Kobus Eloff, dr. Dumisani Jantjies, Chris Nell (namens Louis-Gillis Janse van Rensburg), dr. Monicca Bhuda, Susan Cilliers, prof. Musawenkosi Donia Saurombe, Amé Bell, Ofentse Kgwadi (namens prof. Dan Kgwadi) en dr. Alistair Mokoena. Agter is prof. Pieter Kruger en Phenyo Kgwadi (namens prof. Dan Kgwadi). Foto: NWU

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.